FORUM

'LET NOUGESET OP SA SE STATUS OOR BEK-EN-KLOU'

DIE herwinning van Suid-Afrika se status as vry van bek-en-klouseer sonder inenting moet jaloers beskerm word. Die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) se vereistes ná die onlangse roetine-inspeksies behoort daarom nougeset deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye sowel as die bedryf toegepas te word, het mnr. Dave Ford in sy voorsittersrede op die pas afgelope vergadering van die Rooivleisbedryfsforum gesê.

Die onlangse uitbrekings van bek-en-klouseer op Suid-Afrika se suidelike grens met Zimbabwe is kommerwekkend, veral as daar in gedagte gehou word dat die Limpoporivier tans net 'n droë rivierbedding is.

Die onwettige smokkel van wild, soos die onlangse pogings om swartwitpense van Zimbabwe na Suid-Afrika te smokkel, kan die land se status as vry van bek-en-klouseer in gevaar stel. Daarom versoek die forum dat enige soortgelyke pogings sonder versuim by die owerhede aangemeld word. Die herwinning van die land se status as vry van bek-en-klouseer sowel as die uiters gunstige wisselkoers het die geleenthede vir die uitvoer van rooivleis verbeter. Die ooreenkomste wat onlangs ten opsigte van die invoer van pluimvee, beesvleis en sekere varksnitte met Amerika onderhandel is, sal deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye onderteken word sodra die sanitêre en fitosanitêre maatreëls goedgekeur is.

Ford het gesê die rooivleisbedryf sal aanhou om die adjunk-direkteur-generaal van die departement te versoek dat 'n geleentheid geskep word vir die bespreking van die moontlikheid van veterinêre protokolle met Amerika. Enige verdere uitvoer-inisiatiewe sal nutteloos wees as die OIE se vereistes ten opsigte van bek-en-klouseer nie deur die departement nagekom word nie.

Die uitvoergeleenthede sal ook verlore gaan as die pogings van smokkelary van swartwitpense – of enige ander kloudiere van lande wat nie vry is van bek-en-klouseer nie – voortgaan. Dit sal ook 'n vernietigende uitwerking op Suid-Afrika se rooivleisbedryf hê.

Die onwettige smokkel met wild kan die land se status as vry van bek-en-klouseer ernstig in die gedrang bring.

OBP

Die probleme met die voorsiening van entstowwe deur Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) is nog lank nie verby nie, het Ford gesê. Dié aangeleentheid is op verskeie platforms bespreek en hoewel talle beloftes gemaak is, het dit nie gerealiseer nie. 'n Regsmening wat deur die Rooivleisbedryfsforum bekom is, het bevestig dat die OBP as die alleenverskaffer van belangrike entstowwe verplig is om in die behoeftes van die veebedryf te voorsien. Die forum is versoek om nie regstappe te doen terwyl onderhandelinge aan die gang is nie, maar tot dusver was daar geen gunstige vordering nie.

Volgens Ford was die droogtetoestande van die afgelope twee jaar 'n bedekte seën omdat dit gekeer het dat talle siektes uitbreek. Siektes sou opkomende én kommersiële boere ernstig benadeel. Die forum sal nou oor regstappe teen die OBP moet besluit, of die gevolge van siektes in onbeskermde nasionale kuddes sal gedra moet word wanneer die droogte verby is.

AKSIEPLAN

Die Rooivleisbedryfsforum het die deelname aan die Landbou-beleidsaksieplan op verskeie vergaderings bespreek. Party lede is ten gunste daarvan en ander nie. Tydens 'n vergadering met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het die bedryf daarop gewys dat die departement se verwagtinge ten opsigte van werkskepping onrealisties is, dat die meeste uitkomste op die primêre sektor gerig is, dat geld van die Tesourie uiters beperk is, dat daar tot dusver geen verbindings van die betrokke staatsdepartemente onderneem is nie en dat die RPO se versoek vir 'n forum in die waardeketting van die rooivleisbedryf toegestaan is.

KLASSIFIKASIE

Die Rooivleisbedryfsforum het verskeie versoeke aan die standaardekomitee gerig oor die merk van vleis in die handel. Een het gegaan oor die merk van Namibiese vleis en 'n voorstel is aanvaar dat daar op die produk aangedui sal word of die vleis van Suid-Afrika of Namibië afkomstig is. 'n Ander voorstel het behels dat die etiket die vleisklas en vetkode sal aandui, maar dit is nie ondersteun nie omdat dit onprakties is.

BESTUUR

LEIERS VAN FORUM VERKIES

MNR. DAVE FORD is onbestrede herkies as voorsitter van die Rooivleisbedryfsforum en mnr. Tim Davidson (wat die Nasionale Federasie van Vleishandelaars verteenwoordig) as ondervoorsitter. Mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder van die RPO en kleinvee-verteenwoordiger, sal voortgaan om as lid van die bestuurskomitee te dien.

Die nuut verkose bestuurslid is mnre. Georg Southey van die vereniging van invoerders en uitvoerders.

Daar is op die vergadering besluit dat 'n onafhanklike struktuur geskep sal word om die rol van die nakomingskomitee te vervul. Die nuwe lede van dié komitee is mnre. Tim Davidson, Ford, Schutte en me. Estelle van Reenen van die Rooivleisabattoirvereniging.

Mnr. Andrew Cocks, verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse vleisverwerksvereniging, en mnr. Barry Swart, onafhanklike raadgewer aan die rooivleisbedryf, is herkies as die Rooivleisbedryfsforum se heffingskomitee.

Mnr. Dave Ford

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.